http://spilplus.journals.ac.za/

# DIE STAATSTAALDIENS: FUNKSIES EN INVLOED TEN OPSIGTE VAN DIE NORMERING VAN TAALGEBRUIK

D.W. Le Roux

## 1 Inleiding

Die Staatstaaldiens se funksie is die vertaling en taalversorging van amptelike publikasies van die Staat. Omdat hierdie publikasies oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe handel en deur 'n groot aantal skrywers --- elk met sy eie idiolek en styl --- saamgestel word, is daar 'n deurlopende behoefte aan normering en standaardisering van die taalgebruik in hierdie dokumente.

Deur hierdie normeringsproses oefen die Staatstaaldiens 'n aansienlike invloed op sowel Afrikaanse as Engelse taalgebruik uit, nie net in die Staatsdiens nie maar ook in wyer kring --- orals waar Staatspublikasies deur taalgebruikers gelees word of berigte daaroor in die media hulle bereik.

Daar word dus by implikasie van elke taalpraktisyn in die Staatstaaldiens verwag om voortdurend te normeer en te standaardiseer ten opsigte van elke dokument waaraan hy werk.

## 2 Drie sentrale norme vir taalgebruik

Die strewe, by sowel taalversorging as vertaling, is om 'n taalgebruik te handhaaf wat geskik is vir die amptelike publikasies van die Regering en die Staat. Hierdie geskiktheid berus op ten minste drie maatstawwe:

(1) Dit moet <u>duidelike taal</u> wees. Wat gesê word, moet duidelik gesê word sodat daar geen misverstand kan ontstaan nie. 'n Publikasie is per slot van sake bedoel vir kommunikasie.

http://spilplus.journals.ac.za/



(2) Dit moet "goeie" taal wees, sodat dit nie verleentheid vir die owerheid sal skep nie. Vir doeleindes hiervan word "goeie" taal beskou as algemeen in ooreenstemming met gesaghebbende bronne (woordeboeke, taalhandleidings, ensovoorts).

(3) Dit moet algemeen aanvaarbare taal wees, dit wil sê die opgevoede moedertaalspreker moet dit aanvaarbaar vind.

## 3 Probleme

Laasgenoemde twee maatstawwe bring mee dat die vertaler/redigeerder voortdurend in 'n konfliksituasie verkeer en gedwing word om steeds kompromieë te tref tussen die (soms starre en argaïstiese) voorskrifte van woordeboeke en taalhandleidings aan die een kant en die taalgebruik van die opgevoede moedertaalspreker aan die ander kant. Hy word gedurig gekonfronteer met gevalle waar die bronne tot sy beskikking 'n bepaalde gebruik voorskryf wat in die moderne spreek- en skryftaal nie meer gangbaar is nie. Die vertaler/redigeerder word dan genoodsaak om hom op sy eie taalgevoel, waarneming en oordeel te verlaat en 'n arbitrêre besluit te neem --- heel dikwels in stryd met gesaghebbende taalbronne. Deur so 'n besluit te neem --- hetsy in navolging van of in stryd met die bronne --- stel hy hom bloot aan kritiek van die een of ander kant.

'n Uiterste voorbeeld van sulke argaïstiese voorskrifte is waar die **Tweetalige Woordeboek** van Bosman, Van der Merwe en Hiemstra (sewende uitgawe) die woord **permit** nog as 'n Anglisisme bestempel en die voorkeur gee aan **permissiebiljet**, **vergunning** en **verlofbrief**.

Met die oog op Maatstaf 2 (goeie taal) hou die taalpraktisyn soms noodgedwonge 'n skyn van legitimiteit voor deur byvoorbeeld (met uitsluiting van ander bronne) te steun op een bron wat 'n bepaalde uitdrukking wel aangee --- kortom, die gesaghebbende bronne word selektief gebruik.

Om aan genoemde maatstawwe te voldoen, moet die taalpraktisyn soms afwyk van die voorskrifte van woordeboeke en boeke oor taal, omdat hierdie bronne nie altyd voorsiening maak vir die probleme waarvoor hy daagliks te staan kom nie.

http://spilplus.journals.ac.za/



'n Voorbeeld van so 'n voorskrif is die **Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)** se bekende **gewapendebetoningenieur**-reël. Die logika en die (teoretiese) betekenisverskil wat aan hierdie reël ten grondslag lê, is duidelik, maar in die praktyk word dikwels gevind dat dit onwenslik, moeilik en selfs onmoontlik is om die reël konsekwent toe te pas.

Byvoorbeeld, die uitdrukking **plaaslike owerheidsaangeleenthede** moet volgens hierdie reël as een woord geskryf word want dit slaan op aangeleenthede rakende plaaslike owerhede en nie op plaaslike aangeleenthede nie, maar daar kan beswaarlik betekenisverwarring ontstaan as dit twee woorde is. Met ewe veel geldigheid kan geargumenteer word dat daar verskeie tipes owerheidsaangeleenthede is, byvoorbeeld sentrale en provinsiale en plaaslike, en dat dit hier om die "plaaslike" tipe gaan. Afgesien daarvan dat **plaaslike-owerheidsaangeleenthede** en **plaaslikeowerheidsaangeleenthede** onooglik is en verwarring en leesprobleme in die hand kan werk, is dit so dat dit feitlik net taalkundiges is (en dan ook nie eers almal nie) wat hierdie reël verstaan en (probeer) toepas of selfs van die bestaan daarvan bewus is.

Hierdie reël van die **AWS** bots dus met die maatstaf van "aanvaarbaarheid" en word gevolglik dikwels veronagsaam --- sonder enige reperkussies. Die opgevoede Afrikaanssprekende aanvaar dit (onwetend) so, en self gebruik hy die reël selde of nooit --- sonder dat daar kommunikasieprobleme ontstaan.

Ander voorbeelde is **tersiêre onderwysinrigting** en **Hidrologiese Navorsingsinstituut**.

Die Engelse uitdrukking **to deal with** lewer soms vertaalprobleme op, en al gee die woordeboeke verskeie moontlike vertalings aan (**behandel, aandag gee aan**, ensovoorts), bestaan daar tog 'n behoefte aan die neutrale begrip "handel met", byvoorbeeld in gevalle soos die volgende:

> "Any person who falls in category A shall be **dealt with** in terms of regulation 23".

Die woordeboeke se vertalings pas nie hier nie en daar is gevolglik besluit om **handel met** te gebruik: "Daar word **met** 'n persoon ... **gehandel** ooreenkomstig regulasie 23". Hierdie uitdrukking word trouens ook reeds in sekere wette gebruik.

http://spilplus.journals.ac.za/



Nog 'n wetsuitdrukking is **('n geskil) na arbitrasie verwys**. Let spesifiek op die verskil in voorsetsel met **('n geskil) vir arbitrasie na 'n arbiter verwys**. Die **verwys** na-vorm verskyn egter in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, en word dus algemeen op die mannekragterrein gebruik. Van daar spoel dit oor na ander, meer algemene terreine. Die vorm word ook deur Jansonius se **Nieuw Groot Nederlands-Engels Woordenboek** aangegee.

'n Woord wat skynbaar net in woordeboekkringe bestaan, is **verpolitiek**. Volgens die **Nasionale Woordeboek** beteken dit "bederf deur 'n politieke saak daarvan te maak". Die term wat egter algemeen, ook deur die media, gebruik word, is **verpolitiseer** (ook **politiseer**, en **depolitiseer**), en in ooreenstemming met die maatstaf van aanvaarbaarheid word laasgenoemde woord ook deur die Staatstaaldiens gebruik. Die gebruik van **verpolitiseer** word verder gesanksioneer deur **Basiese konsepte in die politiek** deur H.J. Kotze en J.J. van Wyk (1980).

Nog 'n woord wat gebruik word in 'n betekenis wat (nog) nie deur woordeboeke erken word nie, is **uitdrukking**, veral by die wysiging van regulasies, byvoorbeeld "Wysig regulasie 12 (2) (a) deur die uitdrukking 'en Adjunkminister' te skrap". In hierdie verband beteken **uitdrukking** nie segswyse nie, maar word dit as 'n oorkoepelende term beskou wat 'n woord of woorde, leestekens, simbole, afkortings, syfers, ensovoorts kan insluit. Benewens die spesifieke benaming kan **uitdrukking** dus ook soos volg gebruik word:

**.... deur die uitdrukking ", R104 of" te skrap**

**.... deur die syfer/uitdrukking "178" te skrap**

**.... deur die simbool/uitdrukking "CO2" in te voeg.**

Alternatiewelik kan **uitdrukking**, ensovoorts bloot weggelaat word, byvoorbeeld

**.... deur "meer as R500" te vervang deur "meer as R750".**

Verskeie uitdrukkings wat tot redelik onlangs nog taboe was, word tans deur die Staatstaaldiens aanvaar, byvoorbeeld die oorganklike gebruik van die werkwoord **voorsien**, benewens die onoorganklike gebruik **(voorsien van/verskaf)**, byvoorbeeld "Die dam voorsien water aan 'n groot gebied". Trouens, die Departement van Waterwese "verskaf" of "lewer" selde water maar "voorsien" dit dikwels, en ten opsigte van elektrisiteit geld dieselfde vir EVKOM, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie.

http://spilplus.journals.ac.za/



Hierdie kantoor aanvaar dus tans die oorganklike gebruik van **voorsien**, maar hy waak nog teen konstruksies van die tipe "Die dam voorsien die stad". Ook **Die korrekte woord** (ou en nuwe uitgawe) bepleit die oorganklike gebruik van **voorsien**, en die jongste uitgawe van die **HAT** (p. 1312) bevat ook 'n voorbeeldsin met **voorsien** in hierdie betekenis. (Die vorige uitgawe het dit nie erken nie.)

Normering en die beïnvloeding van taalgebruik vind dikwels as gevolg van nie-talige faktore plaas, byvoorbeeld om politieke redes. So is **ras** en **Bantoe** vervang deur onderskeidelik **bevolkingsgroep** en **Swart(e)**. 'n Belangrike kategorie wat in dié verband genoem kan word, is die geykte formulerings in regulasies, ensovoorts. In hierdie tipe dokument is die taalgebruik in groot mate gestandaardiseer omdat die betrokke taalgebruikshandelinge so herhalend van aard is. Dieselfde uitdrukkings kom by herhaling voor in regulasies, proklamasies en Goewermentskennisgewings, byvoorbeeld "Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel ..." Die inligting wat in hierdie frase vervat is, kan op verskeie ander maniere oorgedra word, maar in die regstaal wat vir die **Staatskoerant** gebruik word, is dit die vaste uitdrukking wat reeds dekades lank gebruik word.

Hierdie standaardisasie van die bewoording van regsdokumente bespaar baie tyd en is van groot nut wat die opleiding van juniors betref, omdat hulle dit maklik kan aanleer. Dit geld vir junior beamptes in hierdie kantoor en ook vir juniors in die departemente waar hierdie dokumente opgestel word.

Wat die kursivering van Latynse uitdrukkings betref, is die posisie in 'n mate onvas, maar oor die algemeen word sulke uitdrukkings wel gekursiveer. Veral waar die uitdrukking uit meer as een woord bestaan en in 'n kompositum gebruik word, is kursivering 'n nuttige manier om aan te dui dat die laaste komponent van die kompositum aan die hele uitdrukking gekoppel word (eenheidsaanduiding), byvoorbeeld

--- 'n **ex officio**-lid

--- 'n **prima facie**-saak

--- 'n **bona fide**-boer

--- 'n bevel **nisi**

Met die oog op die standaardisering van grensbeskrywings is daar enkele jare gelede 'n vergadering gehou van verteenwoordigers van die destydse

http://spilplus.journals.ac.za/



Departement van Gemeenskapsbou, die Landmeter-generaal en die Staatstaaldiens. Daar is onder meer besluit om by die volgende patrone te hou:

--- "**Begin by** baken A; **daarvandaan** weswaarts ....", en nie "**Vanaf** baken A; **dan** weswaarts ...." nie, want dit gaan hier in die eerste plek om **plek** en nie **tyd** nie.

--- ".... sodat die eiendom **by** hierdie gebied ingesluit word ...." (nie **in** nie).

--- ".... in 'n reguit lyn tot by ...." ("nie "reguit tot by" nie).

Daar word dikwels gesê dat "Staatsdienstaal" te vaag en omslagtig is en byvoorbeeld wemel van uitdrukkings soos **ten opsigte van**. Dit gebeur egter dikwels dat 'n amptelike stuk doelbewus vaag bewoord word om 'n bepaalde effek te verkry. Byvoorbeeld, in **die** sin "Pensioene word **ten opsigte** van mynwerkers betaal" sou die voorsetsel aan nie deug nie omdat pensioene in die onderhawige geval nie net aan die mynwerker self betaal word nie maar ook aan sy naasbestaandes indien hy reeds oorlede is.

## 4 Slot

Die taal in Staatspublikasies kan as "korrekte", "goeie", "standaard"-taal beskou word. Dit is nie tendensieus nie maar trag net om inligting so helder en duidelik as moontlik oor te dra. Die "status" van hierdie taalgebruik blyk daaruit dat die **WAT** telkens voorbeeldsinne uit Staatspublikasies haal.

Die tekste wat die Staatstaaldiens vertaal en redigeer, wissel van die uiters formele styl en geykte frases van die regstaal tot die relatief informele styl van byvoorbeeld populêr-wetenskaplike pamflette oor gesondheidsaangeleenthede, en ook die vryer maar steeds waardige styl van toesprake vir die Staatspresident en Ministers en verslae van kommissies van ondersoek. In al hierdie gevalle moet die vertaler/redigeerder egter --- met inagneming van die leserspubliek of gehoor vir wie die betrokke stuk bedoel is --- telkens besluit of 'n spesifieke woord of uitdrukking geskik is binne die bepaalde verband. Hier moet hy hom telkens laat lei deur die drie maatstawwe van duidelike taal, goeie taal en algemeen aanvaarbare taal.

http://spilplus.journals.ac.za/



# BIBLIOGRAFIE

Bosman, D.B., I.W. Van der Merwe, & L.W. Hiemstra (1967) **Tweetalige woordeboek**. Sewende Uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, M., J. Smuts, & L.C. Eksteen (1971) **Nasionale woordeboek**. Kaapstad: Nasou.

Jansonius, H. (1972-1973) **Nieuw groot Nederlands-Engels Woordenboek voor studie en praktijk**. Leiden: Nederlandsche Uitgeversmaatschappij.

Kotze, H.J. & J.J. van Wyk (1980) **Basiese konsepte in die politiek**. Johannesburg: McGraw-Hill.

Odendal, F.F. (red.) (1979) **Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal**. Johannesburg: Perskor.

Van der Merwe, H.J.J.M. (1968) **Die korrekte woord**. Vyfde, hersiene en uitgebreide druk. Pretoria: Van Schaik.